**11 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 119:145 – 160**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 119:146**

## Roep die HERE aan tot sy eer

God verlang dat jy Hom aanroep, met Hom praat. As Sy kind maak Hy met jou bemoeienis. Ons beleef dikwels hierdie bemoeienis as seermaak, platdruk en wegruk, maar God is vandag met jou besig, sodat Hy in jou lewe tot Sy reg kom.

In Psalm 119 verkeer die digter onder sware druk en dit bring hom, om in die geloof tot God te roep. God lei en bring hom tot gesprek met Hom. ‘n Roep om hulp na ‘n onbekende adres is egter geen roep tot die lewende God nie. Hoe pragtig wys die digter ons daarop “Verhoor my, o **HERE**” en “Ek het **U** aangeroep”. Die Here Jesus leer ons ook later “Ons **Vader** wat in die hemel is”.

Dit wat die digter pleit of vra is nie vaag of ongegrond nie, hy wys God op sy Woord en Sy beloftes (Ps. 119:149).

Die digter se gebed is nie net vra nie, dit is ook vol van eie beloftes “Ek wil u insettinge bewaar” (145) en “dat ek u getuienisse kan onderhou” (146). Die HERE verlos, om ons aan Hom te verbind. Hy maak ons vry om tot Sy diens te lewe, daarom kom die digter in sy noodroep en bevestig dat verlossing uit sy nood sal wees tot eer van God.

Ook die opregte gebed is “uit Hom en deur Hom en tot Hom”. Ook u gebed moet gerig wees tot God en sy eer en verheerliking!

*Sing: Psalm 119:53* *Ds Henk Stavast (Bronkhorstspruit)*